# 6 DIE TRANSVAALSE PLAASSKOOL GEDURENDE DIE SUPERINTENDENTSKAP VAN N. MANSVELT, 1891 - 1900

## 6.1 Inleiding

Prof. N. Mansvelt, die laaste Superintendent van Onderwys tydens die jare van die Z.A.R., het op 1 Oktober 1891 diens aanvaar.[1)]

N. Mansvelt het dit as sy taak gestel om die onderwys op 'n stelselmatige wyse te organiseer, administreer en finansier. Na elke skoolkwar= taal sou die inspeksieverslae gepubliseer word, sodat plaaslike skoolkommissies en onderwysers gouer ingelig kon word oor die toestand van hulle onderskeie skole. Goeie inspeksieverslae kon dien om skoolkommissies, onderwysers en leer= linge te inspireer en aan te moedig. Die aantal inspekteurs is met twee vermeerder en Transvaal is in vier inspeksiekringe verdeel, met elk 'n eie inspekteur van onderwys.[2)]

Plaasskoolonderwysers het die Schoolgids, wat

1) ODÉ, G.A. Brief aan H.J. Kroep. Waterberg, 31.8.1891. O.D. 9/3 : 1 750.

2) Verslag van den Superintendent van Onderwijs, betreffende het gesubsidieerde onderwijs in de Z.A. Republiek, gedurende het dienstjaar 1891, p.3-4,11.

periodiek gepubliseer was, tot groot hulp gevind. Daarin is aan onderwysers en skoolkommissies verduidelik hoe skoolverslae voltooi moes word vir subsidiedoeleindes;[3] hoe skoolroosters opgestel moes word en watter leer- en leesboeke bestel kon word.[4] Vir plaaseienaar C.J.L. Breytenbach was dit 'n openbaring om in die Schoolgids te lees dat dit nie nodig was om plaasskole te sluit wanneer die betrokke boere met hulle gesinne gedurende die wintermaande na die winterveld verhuis nie, maar dat die onderwysers saamgeneem kon word om met hulle onderwyspogings daar voort te gaan, terwyl die subsidie onafgebroke uitbetaal sou word.[5]

Om met die plattelandse onderwystoestande vertroud te raak, het Mansvelt tydens sy binnelandse reise verskeie plaasskole besoek. In November 1891 het hy die volgende plaasskole besoek: Groenvlei, in die Wakkerstroomse distrik; Klippoort, in die Standertonse distrik; Spitskop, Vlakfontein, Orpenskraal en Nooitgedacht in die

3) WIECHERS, S.G. Brief aan G.A. Odé. Kaffers=kraal, Heidelbergse distrik, 2.4.1892. O.D. 12/1 : 502.

4) BONGERS, L.E. Brief aan Sekretaris van Onder=wys. Kliprivierberg, 11.4.1892. O.D. 12/1 : 576.

5) BREYTENBACH, C.J.L. Brief aan G.A. Odé. Leliefontein, 16.4.1892. O.D. 12/1 : 611.

Ermelose distrik.[6]

Ten spyte van die vertroebelde landsomstandig=hede kon Mansvelt in sy jaarverslag van 1893 met dankbaarheid vermeld dat daar goeie vooruitgang in die onderwys te bespeur was. Ouers het die waarde van voortgesette onderwys begin besef.[7]

Die vordering wat daar was, was egter langsaam, want in 1895 het slegs 20% van alle blanke kin=ders van skoolgaande ouderdom gereelde skoolon=derwys geniet. Die ideaal was dat „... alle kinderen gedurende alle schooljaren goede scho=len ..." moes besoek.[8]

Gedurende daardie jare was die plaasskooltjies yl versprei en vir baie plaaskinders onbereik=baar. In die wyk Boven Hartsrivier, in die Lichtenburgse distrik, was die naaste skool van=af die Kaalkraalskool, die dorpskool op Lichten=burg wat 4½ uur te perd daarvandaan geleë was.[9]

6) Verslag van den Superintendent van Onderwijs, betreffende het gesubsidieerde onderwijs in de Z.A. Republiek, gedurende het dienstjaar 1891, p.4-5.

7) Ibid., 1893, p.3.

8) Ibid., 1895, p.6;9. Vgl. ook: Ontleding van die Superintendent van Onderwys se jaarverslag, 1895. De Volksstem, 12.5.1896.

9) VENTER, W.A. Brief aan Sekretaris van Onder=wys. Kaalkraal, Lichtenburgse distrik, 10.4.1893. O.D. 15/1 : 533.

Assistent Veldkornet A. Briel, wyk Marabastad, het in 1895 berig dat daar vanaf Cheunispoort tot by die berg van Molepsrivier, 'n afstand van ongeveer 77 km, geen skool was vir die ongeveer honderd kinders van skoolgaande ouderdom nie. Volgens Briel was dit „... eene pijnlijke schande (om) zoons des lands 20 jaar oud te ontmoeten die hun naam nog niet op papier kunnen zetten ...".[10] Onderwyser P.J. Esser het geskryf dat daar in wyk 3, in die Wakkerstroomse distrik, in 'n kring van 2-3 ure te perd ongeveer tagtig kinders was wat kon skoolgaan, maar dat daar geen skool was nie. As gevolg van armoede kon die plaasmense ook nie 'n privaat huisonderwyser bekostig nie.[11] In die wyk Heksrivier, in die Rustenburgse distrik, het dit in Mei 1898 eweneens „... zeer zwak" met die onderwys gegaan. Baie kinders was van gereelde skoolonderwys verstoke.[12]

Dit was egter prakties onmoontlik om in al die gevalle in so 'n dunbevolkte land die skool na die kind te bring. Deur middel van losiesbeurse,

10) BRIEL, A. Brief aan N. Mansvelt. Molsgat, 14.3.1895. O.D. 19/3 : O.R. 2 132.

11) ESSER, P.J. Brief aan G.A. Odé. Chance, 23.4.1895. O.D. 20/1 : O.R. 2 552.

12) MOERDIJK, P. Brief aan C.G. de Jonge. Roodekopjes, Rustenburgse distrik, 21.5.1898. L.A. 691/2 : 631.

wat van R6,00 tot R12,00 per leerling per maand gewissel het, is behoeftige leerlinge wat verder as 4,83 km van die naaste skool gewoon het, in die geleentheid gestel om naby 'n bestaande skool by mense (dikwels by die onderwyser) te loseer.[13] Dit was die beskeie begin van die sentralisasiebeleid wat na die Tweede Vryheids=oorlog gevolg het. Van 'n georganiseerde kos=huisstelsel was daar toe nog geen sprake nie.

## 6.2 Onderwyswetgewing wat ook op die plaasskole van toepassing was

### 6.2.1 Wet no. 8, 1892

Hierdie wet was vollediger as Wet no. 1, 1882, en het ook van die leemtes in die Du Toit-onder=wyswet uitgeskakel. Dit was hoofsaaklik op die beginsel van plaaslike inisiatief en staatsonder=steuning gebaseer.[14]

Mansvelt het 'n Christelik-nasionale onderwys=stelsel met die moedertaal as medium van onder=rig beoog.[15]

Die onderwysadministrasie is op 'n hegter grond=

13) Wet no. 14, 1896, art. 10.

14) Wet no. 8, 1892, art. la.

15) Ibid., artt. 2,24.

slag geplaas (art. 6); die inspeksiestelsel is beter georganiseer (art. 7); in teenstelling met Du Toit se stelsel van desentralisasie in die onderwys, het Wet no. 8, 1892, aan die Superin= tendent die reg verleen om die vinnige vermeerde= ring van ondersteunde skole in dieselfde omgewing teen te gaan (art. 10); voorsiening is gemaak vir die keuse van skoolkommissies vir alle staatsondersteunde skole (art. 11) en die staatstoelae is verhoog (art. 17).[16)]

6.2.2 Wet no. 8, 1893

Enkele wysigings is in Wet no. 8, 1892, aange= bring. Vir die doel van hierdie studie is die volgende gewysigde bepalinge die belangrikste:

* Volgens art. 9 van die 1892-wet is R1,00 per maand subsidie aan wykskole toegestaan vir die huur van skoollokale, afgesien van die aantal leerlinge wat geakkommodeer moes word. Hierdie bepaling is dusdanig gewysig dat 'n toelaag van R1,00; R1,50 en R2,00 per maand aan skoolkommissies vir die huur van skoollokale wat respektiewelik geskik was vir 10; 20 en 30 kinders betaal sou word. Skoolkommissies wat van voorneme was om 'n skoolgebou op te rig, kon hoogstens die helf=

16) Ibid., artt. 6;7;10;11 en 17.

te van die benodigde kapitaal teen 'n bepaal=de rentekoers van die regering leen.[17]

* Art. 11 van Wet no. 8, 1892 is dusdanig ge=wysig dat slegs die vaders van huisgesinne, wat kinders in die skool gehad het, geregtig was om te stem by die verkiesing van skool=kommissies, asook alle manlike donateurs van die skool.[18]

* Die ekstra toelaag aan behoeftige leerlinge wat volgens art. 18 van die vorige wet nie meer betaal sou word nie, is heringestel. Werklik behoeftige kinders sou 'n driemaan=delikse subsidie van R3,00 ontvang.[19]

### 6.2.3 Wet no. 14, 1896

Verdere aanvullings en wysiginge in die skool=wet van 1892 is deur Mansvelt aangebring wat in Wet no. 14, 1896, vervat is. Vir die plaas=skole het die volgende gegeld:

* Solank die tekort aan bekwame onderwysers voortduur, sou die regering jaarliks 'n som geld bewillig, sodat die reiskoste van

17) Wet no. 8, 1893, art. 1.

18) Ibid., art. 2.

19) Ibid., art. 3.

onderwysers vanaf die buiteland bestry kon word.[20] Die regering sou ook jaarliks 'n bedrag geld beskikbaar stel wat in die vorm van subsidies aan gesubsidieerde skole uitbe=taal sou word vir die aanskaffing van skool=meubels.[21]

* Skoolkommissies wat skoolgeboue tot bevredi=ging van die Superintendent opgerig het, kon voortaan 'n driemaandelikse toelaag eis ter dekking van die rente (hoogstens 8%) op die kapitaal wat aan die gebou bestee is. Skool=kommissies wat op grond van art. 1 van Wet no. 8, 1893, geld van die regering geleen het vir die oprigting van 'n skoolgebou, is van verdere betaling van rente vrygestel.[22] Dieselfde toelaag was beskikbaar vir die oprigting van onderwyserswonings.[23]

* In 1894 het die Eerste Volksraad besluit om, benewens die gewone subsidie, 'n addisionele subsidie uit te betaal aan „... Wijksscholen van 11 tot en met 14 leerlingen, echter met vermindering van het hoogste bedrag (£5) met

20) Wet no. 14, 1896, art. 1.

21) Ibid., art. 2.

22) Ibid., art. 3.

23) Ibid., art. 4.

£1 per drie maanden voor elken leerling boven de 10".[24]

Die skaal van subsidie per kwartaal (met vermin=derde ekstra subsidie) vir skole met nege tot vyftien leerlinge was soos volg:[25]

| Aantal leerlinge | Gewone subsidie | Ekstra subsidie | Totaal |
|---|---|---|---|
| 9 | R27,00 | R9,00 | R36,00 |
| 10 | R30,00 | R10,00 | R40,00 |
| 11 | R33,00 | R8,00 | R41,00 |
| 12 | R36,00 | R6,00 | R42,00 |
| 13 | R39,00 | R4,00 | R43,00 |
| 14 | R42,00 | R2,00 | R44,00 |
| 15 | R45,00 | geen | R45,00 |

## Tabel IX

* Skole met twintig tot dertig leerlinge, wat in drie of meer klasse ingedeel was, kon aan=spraak maak op 'n addisionele toelaag van R6,00 per maand (kwartaalliks uitbetaalbaar) vir die besoldiging van 'n assistent-onder=wyser.[26] Skole met een en dertig tot agt en dertig leerlinge sou dieselfde ekstra toe=laag ontvang, maar dit sou vir elke leerling

24) Ibid., art. 6.

25) Schoolgids, 1897, p.18.

26) Wet no. 14, 1896, art. 7.

bo die getal van dertig met R2,00 per kwar=
taal verminder word.[27]

* 'n Interessante ontwikkeling was die prak=
tiese toepassing van Mansvelt se beleid van
onderwyskonsentrasie (sentralisasiebeleid)
waardeur die aantal skole verminder, maar die
leerlingtal per skool vermeerder kon word.
Voorsiening is gemaak vir losiesbeurse vir
kinders wat verder as 4,83 km van die naaste
skool af gewoon het.[28]

## 6.3 Vermindering van die kerklike invloed by die verkiesing van skoolkommissies

Waar daar by Wet no. 1, 1882, van regeringskant die wenslikheid uitgespreek is dat kerkrade so= veel as moontlik leiding moes neem in die stig= ting van skole en verkiesing van skoolkommis= sies[29] het Wet no. 8, 1892, geen besondere ver= antwoordelikheid aan die kerk toevertrou nie. Kerkraadslede is op gelyke voet met die landdros, veldkornet of vrederegter gestel by die verkiesing van skoolkommissies.[30]

27) Ibid., art. 8.

28) Ibid., art. 10.

29) Wet no. 1, 1882, art. 2 e.

30) Wet no. 8, 1892, art. 11 a.

Die voortgesette kerklike twiste en verdeeldheid het ook sy belemmerende uitwerking op die ont=wikkeling van die plaasskool gedurende die laas=te jare van die Z.A.R. gehad. Dit was 'n ver=eiste dat die onderwyser van die skool te Roode=plaat, in die Pretoriase distrik, lidmaat moes wees van die Ned. Herv. Kerk.[31] In die omge=wing van die plaas Kameelbult, in die Wolmarans=stadse distrik, was daar minstens dertig kinders tussen ses en sestien jaar oud, maar omdat die onderwyser lidmaat was van die Ned. Herv. Kerk, wou baie ouers nie hulle kinders skool toe stuur nie.[32]

Die ouers en staat, die oprigters en instand=houders van die skole, het beheer oor die onder=wys verkry. Skoolkommissies, bestaande uit minstens drie lede, is op 'n demokratiese wyse deur die vaders van gesinne wat kinders in die skool gehad het en mans wat 'n bydrae tot die skoolfonds gemaak het, gekies om die ouers te verteenwoordig.[33]

31) Huishoudelike bepalinge van die skool te Roodeplaat, Pretoriase distrik, art. 10, 3.1.1894. O.D. 117/1 : 9/94.

32) „Opgaven omtrent plaatsen, waar een school noodig is, doch waarvan de bewoners nog geen voorlopig bestuur hebben gevormd". O.D. 32/2 : O.R. 3 764/96.

33) Wet no. 8, 1893, art. 2.

Om 'n herhaling van die gebeurtenisse gedurende die tagtigerjare te vermy, het Mansvelt die plaaslike onderwysbeheer deur wetgewing op 'n hegte grondslag geplaas. Skoolkommissies se pligte is afgebaken, en geen reg is aan hulle verleen om toesig oor die professionele werk van die onderwyser te hou nie. Van skoolkommis= sies was verwag om te sorg vir die skoollokaal, skoolmeubels, toerusting en huishoudelike regle= ment (art. 20); driemaandelikse verslag aan die Superintendent van alle fondse wat ten behoewe van die skool ontvang en bestee is (art. 21), en toe te sien dat minstens twee skoolkommissie= lede saam met die hoof die kwartaalstate van die skool onderteken (art. 22).[34] Skoolkommissies was aanspreeklik vir geld wat „... onder valsche voorwendsels of volgens onware opgaven ..." ver= kry is.[35]

Die wetsvereiste dat minstens twee kommissie= lede die skoolstate saam met die skoolhoof moes onderteken en verantwoordelikheid vir die juistheid daarvan moes aanvaar, het allerlei praktiese probleme tot gevolg gehad. A.C. Vil= joen, eienaar van die plaas Roodekrans, het be= swaar gemaak teen die ingewikkelde verslagvorms wat baie plaasmense nie sou kon voltooi nie.

34) Wet no. 8, 1892, artt. 20-2.

35) Ibid., art. 23.

Viljoen was die mening toegedaan dat dit onbil=lik was om van skoolkommissielede te verwag om die verantwoordelikheid van sake te aanvaar waarvan hulle niks geweet het nie.[36] Volgens onderwyser P. Zegers het dit selfs gebeur dat al die skoolkommissielede geen kennis of begrip van onderwysaangeleenthede gehad het nie.[37]

## 6.4 Oprigting van ondersteunde wykskole

Nadat 'n skoolkommissie verkies is, moes die Superintendent van die voorgenome stigting van die skool verwittig word. Die kommissie het dan 'n „Aanzoek om Subsidie"-vorm ontvang vir vol=tooiing en terugsending na die Onderwysdeparte=ment. Die Superintendent het dan besluit, in=dien dit nodig was in oorleg met die regering, of daar aan die betrokke skool regeringsubsidie toegestaan sou word.[38] Volgens hierdie reëling kon alle plaaseienaars in die praktyk daartoe oorgaan om skole te stig. „Daar er in de nieuwe schoolwet hoegenaamd geen beperkt getal leer=lingen voor een wijkschool genoemd wordt, zoo kan men afleiden dat elke plaats recht heeft op

36) VILJOEN, A.C. Brief aan N. Mansvelt. Roode=krans, 18.4.1892. O.D. 12/1 : 638.

37) ZEGERS, P. Brief aan N. Mansvelt. Rietpol, Soutpansbergse distrik, 6.3.1896. O.D. 29/3 : O.R. 1 892/96.

38) Wet no. 8, 1892, art. 12.

eene school - al was het ook voor 3, 4 of 5 leer=lingen".[39)]

Mansvelt wou egter die willekeurige stigting van skooltjies deur groepe ouers - soos wat dit so dikwels tydens die Du Toit-Stiemens-superin=tendentskap gebeur het - bekamp. Daar moes nie meer skole in 'n omgewing opgerig word as wat werklik nodig was nie. Ouers moes poog om min=der, maar groter skole te stig met beter onderwys=geriewe en voldoende onderwysers. By klein skooltjies kon die kinders selde die volle voor=deel van skoolonderwys geniet, omdat die enkele leerkrag nie altyd sy onverdeelde aandag aan al sy leerlinge kon skenk nie.[40)]

Die strenger maatreëls en beter kontrole oor die onderwys het waarskynlik aanvanklik nie byval by die plaasmense gevind nie. Die gevolg daar=van was ook die vermindering van die aantal wyk=skole gedurende die eerste jare van die Superin=tendentskap van N. Mansvelt. Waar daar in 1891 minstens 453 wykskole was, was daar in 1893 nog slegs 353 oor,[41)] dit wil sê, eenhonderd skole minder.

39) CROTS, F.P., Inspekteur. Brief aan G.A. Odé. Potchefstroom, 3.10.1892. O.D. 13/1 : 2 038.

40) Schoolgids, 1892, p.7.

41) Staats-almanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het schrikkeljaar 1896, p.87.

Dit sou ook verkeerd wees om die afname in die aantal plaasskole geheel en al toe te skryf aan die strenger kontrole van Mansvelt oor die on= derwys. Die volgende faktore het nog steeds die daarstelling van 'n georganiseerde onderwys= stelsel vir die plaasmense bemoeilik:

* Baie plaasmense kon veel meer doen om die onderwys te bevorder en skole op te rig. Be= newens die armoede, tekort aan plaasarbeiders en skaarste aan onderwysers was die gebrek aan plaaslike inisiatief en samewerking tus= sen die plaasouers van die ernstige knelpun= te in die ontwikkelingsgeskiedenis van die plaasskool.[42] Tydens 'n vergadering van burgers te Wijksrust, in die Krugersdorpse distrik in April 1898, het die volksraadslid, Van Wyk, die ouers van nalatigheid beskuldig, en 'n stuk grond op sy plaas tot die beskik= king van die gemeenskap gestel vir die op= rigting van 'n skoolgebou en 'n onderwysers= woning. Daar was ongeveer driehonderd kin= ders in die betrokke wyk wat van skoolonder= wys verstoke was, en „... sonder de zegeningen der beschaving ..." moes groot word.[43]

42) De Randpost, 20.5.1898 en 30.5.1899.

43) Notule van 'n vergadering gehou deur die burgers te Wijksrust, Krugersdorpse distrik, 28.4.1898. <u>L.A. 691/2</u> : 607.

* As gevolg van armoede kon baie plaasmense nie die finansiële verpligtinge ten opsigte van die salaris van die onderwyser nakom nie, en moes plaasskole gesluit word.[44] Ten spyte van hulle doopbelofte was baie plaasmense deur armoede daartoe gedwing om die onderwys van hulle kinders aan die staat oor te laat.[45]

* Onderwyser G. van Moerkerken het in Februarie 1895 aan die Sekretaris van die Onderwysde= partement geskryf dat sy skool na 'n kort= stondige bestaan van slegs vier maande moes sluit as gevolg van 'n tekort aan werkvolk op die plaas. „Het blijft hier in deze om= streken eene bepaalde gewoonte om telken jare, de kinderen ± 4, hoogstens 6 maanden in school te plaatsen en ze dan overigen tijd als kaffers te laat werken, zoodat het voor mij (Moerkerken) geen nieuwtje meer is, dat wanneer de leerlingen eerst goed op gang zijn gegaan en hunne classificatie behoorlijk

44) BONTHUYS, P.C.D., onderwyser. Brief aan Superintendent van Onderwys. Bloubank, 19.12. 1891. L.A. 694 : 301. Vgl. ook: BATE, J., onderwyser. Brief aan N. Mansvelt. Kromdraai, Ermelose distrik, 14.11.1891. O.D. 10/2 : 2 439.

45) DU PREEZ, H.P. Brief aan G.A. Odé. Jouberts= rust, Utrechtse distrik, 15.2.1891. O.D. 11/1 : 2 685.

geregeld is, zij plotseling allen worden uit=
genomen en derhalve de school geen reden van
bestaan meer bezit".[46)]

Die skool te Nooitgedacht, Pretoriase distrik, wat mooi moontlikhede ingehou het met sy ses en twintig leerlinge, moes in 1892 as gevolg van „... de vele werkzaamheden en ... gebrek aan hulp ..." sluit. Die ouers het nie langer hulle weg oop gesien om sonder die hulp van hulle kin=ders op die plase klaar te kom nie.[47)]

Die feit dat plaasskole soms opgerig of gesluit is sonder om die inspekteurs van onderwys altyd daarvan te verwittig, het die inspeksiewerk be=moeilik. Inspekteur J. Nieuwenhuize het in Mei 1892 berig dat hy dikwels plaasskole aangetref het wat nie op sy lys van gesubsidieerde skole voorgekom het nie. Hy het versoek dat hy op hoogte gehou moes word van die oprigting van nuwe skole asook van die bevoegdheid van die onderwysers en die huishoudelike reglemente van die nuutgestigte skole.[48)] T.C. Stoffberg het

46) VAN MOERKERKEN, G. Brief aan J. Bergmans. Kopjespan, via Schweizer Reneke, 18.2.1895. <u>O.D. 19/1</u> : O.R. 1 498.

47) DORFLENG, J.B. Brief aan Sekretaris van On=derwys. Nooitgedacht, 20.9.1892. <u>O.D. 12/4</u> : 1 910.

48) NIEUWENHUIZE, J. Brief aan Superintendent van Onderwys. Lydenburg, 30.5.1892. <u>O.D. 12/2</u> : 1 021.

tydens sy inspeksiereise dikwels gevind dat skole wat op sy lys verskyn het, gesluit was sonder dat hy daarvan verwittig was.[49]

'n Oorsig van die aantal wykskole en leerlingtalle wat gedurende die jare 1891; 1893; 1895 en 1898 vir 'n korter of langer tyd in die ver= skillende distrikte bestaan het

| Distrik | 1891[50] | | 1893[51] | | 1895[52] | | 1898[53] | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Skole | Lle. | Skole | Lle. | Skole | Lle. | Skole | Lle. |
| Bethal | - | - | - | - | - | - | 8 | 136 |
| Bloemhof | 9 | 55 | 11 | 135 | 16 | 175 | 15 | 258 |
| Carolina | - | - | - | - | 7 | 44 | 10 | 158 |
| Ermelo | 21 | 101 | 28 | 127 | 17 | 88 | 12 | 161 |
| Heidelberg | 25 | 196 | 16 | 154 | 17 | 150 | 20 | 341 |
| Krugersdorp | - | - | - | - | 22 | 246 | 15 | 300 |
| Lichtenburg | 12 | 106 | 6 | 53 | 13 | 160 | 20 | 416 |
| Lydenburg | 30 | 271 | 19 | 150 | 15 | 183 | 23 | 358 |
| Marico | 28 | 317 | 10 | 163 | 13 | 283 | 21 | 703 |
| Middelburg | 46 | 371 | 32 | 284 | 37 | 358 | 39 | 664 |
| Potchefstroom | 49 | 654 | 42 | 610 | 43 | 760 | 56 | 1232 |
| Piet-Retief | 5 | 37 | 5 | 46 | 5 | 74 | 5 | 110 |
| Pretoria | 83 | 544 | 60 | 500 | 64 | 519 | 62 | 914 |
| Rustenburg | 56 | 648 | 45 | 633 | 38 | 616 | 51 | 923 |
| Standerton | 31 | 169 | 27 | 130 | 21 | 143 | 16 | 177 |
| Swaziland | - | - | - | - | - | - | 1 | 20 |
| Utrecht | 15 | 88 | 8 | 50 | 6 | 45 | 4 | 15 |
| Vryheid | 12 | 88 | 10 | 39 | 10 | 60 | 11 | 238 |
| Wakkerstroom | 14 | 57 | 12 | 50 | 10 | 52 | 8 | 72 |
| Waterberg | 8 | 97 | 7 | 76 | 6 | 94 | 15 | 284 |
| Wolmaransstad | - | - | - | - | - | - | 8 | 173 |
| Soutpansberg | 9 | 90 | 15 | 117 | 7 | 62 | 12 | 207 |
| Totaal | 453 | 3889 | 353 | 3317 | 367 | 4112 | 432 | 7870 |

# Tabel X

(Vervolg op p.243).

49) STOFFBERG, T.C. Brief aan Superintendent van Onderwys. Welgelegen, Ermelose distrik, 9.5.1896. O.D. 29/3 ; 4159/96.

Dit blyk uit bostaande statistiese gegewens dat die plaaslike belangstelling en ondernemings= gees om skole op te rig van distrik tot distrik verskil het. Dit bly egter 'n feit dat N. Mans= velt met sy beleid van konsentrasie van die on= derwys geslaag het. Minder skole is opgerig, dog die aantal leerlinge per skool het merkwaar= dig vermeerder.

Op hierdie stadium is dit interessant om 'n glo= bale beeld te kry van die toename in die aantal plaasskole gedurende die laaste drie dekades van die vorige eeu.

(Vervolg op p.244).

50) Verslag van den Superintendent van Onder= wijs, betreffende het gesubsidieerde onder= wijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek, gedurende het dienstjaar 1891, p.15.

51) Ibid., 1893, p.18.

52) Ibid., 1895, p.30.

53) Verslagen van den staat van het gesubsi= dieerd- en van het Staats-onderwijs alsmede der het Departement van Onderwijs ressorteeren= de staatsinrichtingen in de Zuid-Afrikaansche Republiek over het dienstjaar 1898, p.14.

Ontwikkeling van die wykskoolstelsel, 1873-1898

| Tydperk | Jaar | Aantal wykskole |
|---|---|---|
| Burgers-periode[54] | 1873 | 10 |
| | 1876 | 5 |
| Britse besettingsperiode[55] | 1879 | 9 |
| Du Toit-tydperk[56] | 1882 | 34 |
| | 1884 | 45 |
| | 1886 | 78 |
| | 1887 | 100 |
| Stiemens-periode[57] | 1888 | 159 |
| | 1890 | 262 |
| Mansvelt-tydperk[58] | 1891 | 453 |
| | 1893 | 353 |
| | 1895 | 367 |
| | 1898 | 432 |

## Tabel XI

Uit bostaande gegewens kan dit afgelei word dat

54) Verslag van den staat van het openbaar onder= wijs in de Z.A. Republiek over het dienstjaar 1889, p.1.

55) Loc. cit.

56) Loc. cit.

57) Loc. cit. Vgl. ook: Verslag van den toe= stand van het gesubsidieerd onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek. Dienstjaar 1890, p.2.

58) Vgl. tabel X.

die onderwys op plase voor die superintendentskap van S.J. du Toit verwaarloos was. T.F. Burgers het hom hoofsaaklik bepaal tot die bevordering van hoër onderwys. Du Toit en Stiemens het die klem verskuif van middelbare en hoër onderwys in die groter sentra na buite-onderwys op plase. N. Mansvelt wou die platteland dien deur minder skole op te rig, maar om meer leerlinge in 'n wykskool saam te trek, sodat die gehalte van die onderwys verbeter kon word.

## 6.5 Die wese van die plaasskool en die steeds veranderende onderwysbehoeftes

### 6.5.1 Leervakke en rooster van werksaamhede

Vir die onderwysers op die afgeleë plase moes die voorgestelde rooster van werksaamhede vir die verskillende standerds in die Schoolgids, 1892, van groot hulp gewees het. Mansvelt het die volgende werkprogram voorgestel:[59)]

(Vervolg op p.246).

59) Schoolgids, 1892, p.17.

| Laer onderwys Standerds I-III | | Middelbare onderwys Standerds IV-VI | |
|---|---|---|---|
| Vakke | Ure p.w. | Vakke | Ure p.w. |
| Godsdiensonderrig | 4 | Godsdiensonderrig | 3 |
| Lees | 7 | Lees | 2½ |
| Rekene | 7½ | Rekene | 5 |
| Skrif | 2½ | Skrif | 2 |
| Resitasie | 1 | Resitasie | 1 |
| Sang | 1 | Sang | 1 |
| Praktiese taal=onderwys | 1 | Taalkunde | 2½ |
| Vertelling | 1 | Vormleer | 1 |
| | | Geskiedenis | 1½ |
| | | Aardrykskunde | 1½ |
| | | Engels | 4 |
| Totaal | 25 | Totaal | 25 |

## Tabel XII

Volgens bostaande program was die plaasskool=onderwyser, wat oor die algemeen slegs met laer onderwys te doen gehad het, se skooldag nie oorvol nie. Die aanbevole rooster het aan hom voldoende tyd verleen om die jonger leerlinge behulpsaam te wees.

Dit wil voorkom of daar by die meeste plaas=skole vyf en twintig ure per week, dit wil sê, vyf ure per dag skoolgehou is. Daar was gewoon=lik twee skoolsessies per dag, naamlik 9.00 vm. tot 12.00 middag en dan weer van 2.00 nm. tot

4.00 nm.[60] By sommige skole is daar Vrydae van 1.00 nm. tot 3.00 nm. skoolgehou om aan die leer=linge, wat in die omgewing van die skool loseer het, in die geleentheid te stel om vir die na=week huis toe te gaan.[61] Mansvelt het aan die inspekteurs opdrag gegee om toe te sien dat elke onderwyser oor 'n klasrooster beskik, en dat die rooster op 'n prominente plek in die klaslokaal moes verskyn.[62]

Onderwysers van eenmanskole het dikwels probleme ondervind om die leerlinge in die verskillende standerds in te deel. In 1891 moes J. Hagen, onderwyser te Waterkloof, in die Rustenburgse distrik, sy twee en twintig leerlinge wat heel=wat van mekaar in ouderdom verskil het en waar=van sommiges voorheen baie min of selfs geen skoolonderwys gehad het nie, in verskillende standerds indeel.[63]

Besondere aandag is aan Godsdiensonderwys bestee.

60) Huishoudelike bepalinge van die Klipspruit=skool, Johannesburgse distrik, 6.2.1891. O.D. 8/3 : 320.

61) Huishoudelike bepalinge van die Elandsfontein=skool, Heidelbergse distrik, 20.4.1891. O.D. 9/1 : 903.

62) Schoolgids, 1898, p.42-3.

63) HAGEN, J. Brief aan Superintendent van Onder=wys. Waterkloof, Rustenburgse distrik, 20.4. 1891. O.D. 9/1 : 912.

Wet no. 8, 1892, het bepaal dat die skoolonder=wys in 'n Protestants-Christelike gees moes plaasvind. Skole moes met gebed open en sluit. Gedurende die gewone skoolure moes uit die Bybel gelees en Bybelse geskiedenis behandel word. Leerstellige onderwys is aan die verskillende kerkbesture opgedra.[64] In die praktyk het die plaasmense skole nog as instellings gesien wat die kinders moes voorberei om lidmaat van die kerk te word.[65]

So iets soos 'n skoolkalender was gedurende daardie jare onbekend. Skole kon volgens eie reëling agt weke per jaar vakansie kry. As ge=volg van die ongereeldheid van die onderwys en die kortstondige bestaan van plaasskole, het N. Mansvelt 'n beroep op die belanghebbers van buiteskole gedoen om minder as agt weke per jaar skoolvakansie te gee.[66] Skoolvakansies is dik=wels „... ter gelegendheid van de Nachtmaals=

64) Wet no. 8, 1892, art. 2.

65) Huishoudelike bepalinge van die skool te Waterval, Lydenburgse distrik, 2.10.1891. O.D. 10/1.

66) Schoolgids, 1892. p.4.

viering ..."[67] of vir die ploeg-[68] en oestyd[69] op die plase gegee.

### 6.5.2 Tekort aan skoolboeke

Wet no. 8, 1892, het vereis dat alle leerboeke in Hollands geskryf moes wees, behalwe die wat gebruik moes word by die onderwys van vreemde tale.[70]

Die ernstige krisis wat daar by plaasskole ge=durende die Du Toit-Stiemens-periode ten opsig=te van leer- en leesboeke geheers het, het van=af 1892 begin verbeter. In al die uitgawes van die Schoolgids is volledige lyste van Hollandse

67) JANSEN HEIJTMAIJER, H.J. Brief aan G.A. Odé. Tweefontein, Waterbergse distrik, 2.4.1892. O.D. 12/1 : 507.
Vgl. ook: FERREIRA, A.J. Brief aan Departe=ment van Onderwys. Vaalkrans, sonder datum. O.D. 35/3 : O.R. 6 791/96.

68) V.D. WERFF, G.H. Brief aan Sekretaris van Onderwys. Weltevreden, 4.11.1891. O.D. 10/2 : 2 349.
Vgl. ook: ANDREWS, J. Brief aan Sekretaris van Onderwys. Dublin, Middelburgse distrik, 30.9.1895. O.D. 25/3 : O.R. 7 407.

69) ROODE, J. Brief aan Superintendent van Onder=wys. Doornhoek, Lichtenburgse distrik, 20.4.1891. O.D. 9/1 : 907.
Vgl. ook: HEUNIS, A. Brief aan Sekretaris van Onderwys. Zeekoehoek, Krugersdorpse distrik, 2.12.1895. O.D. 27/2 : O.R. 9 236.

70) Wet no. 8, 1892, art. 17.

leer- en leesboeke vir skoolgebruik gepubliseer. Op hierdie wyse kon onderwysers en skoolkommis= sies van plaasskole ook kennis neem van beskik= bare skoolboeke.

In 1891 het N. Mansvelt mense in Suid-Afrika aangemoedig om skoolboekies te skryf wat geskik moes wees vir gebruik in Suid-Afrika. Behalwe dat dit onekonomies was om skoolboeke teen hoë koste in die buiteland te koop, was dié boeke ook nie altyd geskik vir gebruik in Suid-Afrika nie.[71]

Op aanbeveling van die Raad van Eksaminatore het die Eerste Volksraad in 1893 'n premie van R100,00 aan G.A. Odé betaal vir die skoolboeke wat hy op daardie stadium geskryf het. Deur middel van die Schoolgids is sy boeke vir skool= gebruik aanbeveel.[72] Volgens L.G. Koops, on= derwyser te Rietpoort, in die Potchefstroomse distrik, het Odé se Geskiedenisboek, Aardryks= kundeboek en Hollandse spraakleerboek alreeds vir plaasskoolonderwysers in 'n groot behoefte voorsien.[73]

71) Verslag van den Superintendent van Onderwijs, betreffende het gesubsidieerde onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek, gedurende het dienstjaar 1891, p.12.

72) De Volksstem, 22.8.1893.

73) Ibid., 16.1.1892.

Die Sekretaris van die Onderwysdepartement, C.G. de Jonge, het in 1897 namens die Superin= tendent van Onderwys aan die Eerste Volksraad geskryf en gevra dat R300,00 bewillig moes word vir premiegelde aan skrywers van skoolboeke.[74)]

Voor 1897 het die Onderwysdepartement skoolboeke in voorraad gehou, en plaasskoolonderwysers moes soms maande lank wag vir boeke wat hulle bestel het. Dit was nie altyd vir 'n „buiten onderwijzer" moontlik om vroegtydig boeke te bestel nie, want sy eie posisie was so wissel= vallig dat hy nooit seker was „... wat over één maand ..." met hom sou gebeur nie.[75)] In 'n po= ging om boekbestellings gouer af te handel, is daar in 1897 met die „Algemeene Transvaalsche Boekhandel" gereël om al die skoolboeke in voor= raad te hou. Skole moes toe deur middel van die Onderwysdepartement hulle boekebestellings by die betrokke firma plaas, wat die bestelde boe= ke direk aan die skole sou lewer teen die pryse wat van tyd tot tyd in die Schoolgids sou ver= skyn.[76)]

74) DE JONGE, C.G. Brief aan Eerste Volksraad. Pretoria, 30.6.1897. O.D. 141/3 : 559.

75) WIECHERS, S.G. Brief aan Departement van Onderwys. Kafferskraal, Heidelbergse distrik, 18.12.1895. O.D. 27/3 : O.R. 9 646.

76) Tweede Supplement - Schoolgids, 1897, p.30.

Ten spyte van ernstige pogings om slegs goed=gekeurde boeke, soos aangetoon in die Schoolgids, in skole te laat gebruik, moes plaasskoolonder=wysers hulle dikwels nog behelp met 'n bonte verskeidenheid boeke wat nie altyd geskik vir onderwysdoeleindes was nie. Inspekteur J.K.M. te Boekhorst het in Februarie 1896 vasgestel dat daar by die Hartbeestspruitskool sewe verskil=lende soorte boeke vir veertien kinders in ge=bruik was.[77)] Onderwyser J. van Dinter het weer elf verskillende leesboeke in gebruik ge=had in st. 1 en 2.[78)] Volgens inspekteur T.C. Stoffberg het elkeen van die twintig st. 1-leer=linge te Elandspoort, in die Wakkerstroomse distrik, in Junie 1897 'n andersoortige leesboek gehad.[79)] N. Mansvelt het reeds in 1892 die gebruik van die Bybel as leer- en leesboek af=gekeur.[80)]

### 6.5.3 Die beter georganiseerde inspeksiestelsel en die gehalte van onderwys

Tydens die inspeksiebesoek by die skool te

77) Inspeksieverslag van die skool te Hartbeest=spruit, 17.2.1896. O.D. 27/3 : O.R. 1 781/96.

78) Inspeksieverslag van die skool te Bakjesfon=tein, Heidelbergse distrik, 20.10.1897. O.D. 141/1 : O.R. 15 337/97.

79) Inspeksieverslag van die skool te Elandspoort, Wakkerstroomse distrik, 20.6.1897. O.D. 141/1 : O.R. 8 539/97.

80) Schoolgids, 1892, p.11-2.

Kameelfontein, in die Pretoriase distrik, in Oktober 1891 het C.G. de Jonge tot sy ontstel=tenis vasgestel dat die leerlinge vir hulle onderskeie ouderdomme so betreurenswaardig ag=ter was, dat dit 'n onbegonne taak was om hulle in verskillende standerds in te deel. De Jonge het gemeen dat die onbevredigende toestand te wyte was aan die gebrek aan belang=stelling by die ouers, en die skynbare onwil van die kinders om te leer.[81)]

Klasindelings is verder bemoeilik deurdat laerskoolleerlinge baie van mekaar in ouderdom verskil het. Toe die skool te Rietfontein, in die Potchefstroomse distrik, op 15 Junie 1891 geopen het, was dit die taak van die onderwyser om sy twee en twintig leerlinge, wat in ouder=dom gewissel het van sewe tot twintig jaar, in verskillende klasse in te deel.[82)] G. Teves, onderwyser te Rensburghoop, in die Middelburgse distrik, het sy skool in September 1892 met nege leerlinge, wat in ouderdom gewissel het

81) Verslag van den Superintendent van Onderwijs, betreffende het gesubsidieerde onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek, gedurende het dienstjaar 1891, p.25.

82) Lijst van namen der kinderen welke tegenwoordig waren by de opening der school te Rietfontein, wyk Gatsrand, Potchefstroomse distrik, Z.A.R. op den 15[de] Junie 1891. O.D. 118/2 : 98.

van nege tot drie en dertig, begin.[83] Die ouderdomsverspreiding van onderwyser M.M. Stan=der te Zevenfontein se vyftien leerlinge was in Oktober 1891 soos volg:[84]

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ouderdom in jare | 21 | 20 | 18 | 16 | 13 | 11 | 10 | 9 | 7 | 6 |
| Aantal leer=linge | 1 | 1 | 2 | 4 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 |

## Tabel XIII

In sy verslag van 1894 het N. Mansvelt melding gemaak van die probleme waarmee plaasskoolonder=wysers te kampe gehad het om altyd die nodige aandag aan al die leerlinge in die verskillende standerds te skenk. Dit was toe alreeds vir die Superintendent duidelik dat die plaaskinders nie die volle voordeel van skoolonderwys kon geniet as die onderwyser sy aandag tussen die verskillende standerds moes verdeel nie.[85]

In sy poging om die inspeksiestelsel op 'n hegte

83) Verslag van die wykskool te Rensburgdorp, Middelburgse distrik, 16.9.1892. O.D. 12/4 : 1 881.

84) STANDER, M.M. Brief aan Departement van Onder=wys. Zevenfontein, 20.10.1891. O.D. 10/2 : 2 224.

85) Verslag van den Superintendent van Onderwijs, betreffende het gesubsidieerd onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek, gedurende het dienstjaar 1894, p.6-7.

grondslag in te rig, is die Z.A.R. in bepaalde inspeksiekringe ingedeel, elk met 'n eie inspek=teur.

Skole moes gereeld, indien moontlik twee keer per jaar, inspeksiebesoeke ontvang.[86] Aan=vanklik was daar vier inspeksiekringe met elk één van die volgende inspekteurs: C.G. de Jonge, J. Nieuwenhuize, F.P. Crots en J.K.M. te Boekhorst.[87] Die inspektoraat het in so 'n ma=te uitgebrei dat die volgende ses persone in 1899 professionele inspeksiewerk by skole gedoen het: J. Nieuwenhuize, J.K.M. te Boekhorst, H. Moora, T.C. Stoffberg, J.L. Moerdijk en H. Vis=scher.[88]

As gevolg van die uitgestrektheid van die af=sonderlike inspeksiekringe en die ylbewoonde platteland was dit onmoontlik om behoorlike en gereelde inspeksiewerk te doen. Die perdekar waarmee hulle gewoonlik gery het, was stadig en die paaie moeilik begaanbaar. Vol riviere en spruite sonder enige brûe het dikwels op=onthoude veroorsaak en waardevolle tyd het

86) Wet no. 8, 1892, art. 7.

87) Staats almanak der Zuid Afrikaansche Republiek van het jaar 1894, p.77.

88) Ibid., 1899, p.75.

daarmee verlore gegaan.[89] Met sy standplaas op Lydenburg het J. Nieuwenhuize se inspeksie=kring in 1895 sover noordwaarts gestrek as die Waterbergse en Soutpansbergse distrikte.[90] Soms het dit gebeur dat inspekteurs met moeite na 'n plaasskool gereis, en dit dan gesluit gevind het.[91]

Plaasskoolkinders is deur die inspekteurs op grond van hoofdelike inspeksies bevorder. Hier=die individuele mondelinge toetsingsmetode het baie tyd in beslag geneem, maar vanweë die on=bevoegdheid van 'n groot aantal plaasskoolon=derwysers kon leerlinge moeilik volgens 'n ander metode na hoër standerds bevorder word. Inspek=sies het deur die loop van die skooljaar plaas=gevind, met die gevolg dat daar geen sprake van bevorderings op gereelde tye was nie; trouens by die plaasskole was daar geen sprake van 'n vasgestelde skooljaar nie. Dit wil voor=kom of die inspeksies by plaasskole selfs ge=dien het om te bepaal of die onderwysers hulle werk bevredigend gedoen het.[92] Ongelukkig was die stelsel van hoofdelike inspeksie, en die

89) HOON, op. cit., p.151.

90) NIEUWENHUIZE, J. Brief aan Sekretaris van Onderwys. Lydenburg, 16.10.1895. O.D. 26/2 : 8 053.

91) De Volksstem, 16.11.1892.

92) FROWEIN, op. cit., p.132.

lang afstande wat afgelê moes word om 'n plaas=skool te bereik, so tydrowend dat inspekteurs selde professionele hulp en leiding aan onder=wysers en skoolkomitees, iets waaraan daar 'n groot behoefte was, kon bied.[93)]

Dikwels is die inspeksiewerk in die teenwoor=digheid van die ouers en skoolkomitee gedoen. Beide die onderwyser en leerlinge is sodoende geprikkel om hulle bes te lewer, en die open=bare belangstelling in die onderwys is dikwels deur middel van inspeksiebesoeke verhoog.[94)] Volgens inspekteur J. Nieuwenhuize was die teenwoordigheid van so 'n groot aantal ouers in die beknopte skoollokale hinderlik. Die inspeksiewerk is bemoeilik omdat die kinders gespanne was in die teenwoordigheid van soveel toeskouers.[95)]

Volgens onderstaande tabel blyk dit dat plaas=skoolkinders oor die algemeen net laer onderwys ontvang het (st. 1 tot 3), en dat dit slegs by

93) MALHERBE, E.G. Education in South Africa, p.271-2.

94) Ibid., p.271.

95) Verslagen van den staat van het gesubsidieerd- en van het staats-onderwijs alsmede der het Departement van Onderwijs ressorteerde staats=inrichtingen in de Zuid-Afrikaansche Republiek over het dienstjaar 1898, p.129.

wyse van uitsondering was dat daar leerlinge in st. 4 of 5 was.

Die persentasieverhouding van die gemiddelde aantal leerlinge in die verskillende standerds in skole wat deur die staat gesubsidieer was in 1898.[96]

| | Laer onderwys | | | | Middelbare onderwys | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | St.1 | St.2 | St.3 | Totaal | St.4 | St.5 | St.6 | Totaal |
| Wykskole | 33,2 | 14,0 | 6,7 | 53,9 | 1,7 | 0,2 | - | 1,9 |
| Alle ander skole saam | 23,0 | 10,0 | 6,9 | 39,9 | 2,9 | 1,1 | 0,3 | 4,3 |
| Totaal | 56,2 | 24,0 | 13,6 | 93,8 | 4,6 | 1,3 | 0,3 | 6,2 |

Tabel XIV

Gedurende die superintendentskap van N. Mansvelt was daar egter ook 'n aantal plaaskole waar heel verdienstelike werk gelewer is. Toe inspekteur T.C. Stoffberg die skool te Frischgewacht op 25 Oktober 1897 besoek het, het hy waardering gehad vir die werk wat onderwyser G.W. Teves gedoen het, en die hoop uitgespreek dat die skool „... niet spoedig zal worden opgeheven, daar ze veel beloven en voor de buurt onmisbaar was".[97] In dieselfde jaar het inspekteur H.

96) Ibid., p.16.

97) Inspeksieverslag van die skool te Frischge= wacht, Standertonse distrik, 25.10.1897. O.D. 141/2 : O.R. 396/98.

Moora melding gemaak van die uitstekende werk wat hy by die Koppieskraalskool aangetref het.[98]

Die algemene peil van onderwys het by die plaas=skole sodanig verbeter dat dit volgens die me=ning van drie uit die vyf inspekteurs in 1895 dié van die dorpskole oortref het. Plaasskole het gedurende daardie jare die volgende voordele bo die dorpskole gehad:-[99]

* Plaaskinders het oor die algemeen die skool getrou besoek.

* Plaasskole se skoolkommissies het meer be=langstelling in die skool en die werk van die onderwyser getoon as dié van dorpskole.

* Omdat dit goedkoper was om op plase te woon, was die onderwysers van bloeiende buiteskole se finansiële posisie gunstiger as dié van hulle kollegas by die groter sentra.

* Geen huurgeld vir skoollokale is aan skool=kommissies van dorpskole betaal nie, met die gevolg dat dié kommissies gewoonlik onder

98) Inspeksieverslag van die skool te Koppieskraal, Potchefstroomse distrik, 17.6.1897. <u>O.D. 141/2</u> : O.R. 9 259.

99) Verslag van den Superintendent van Onderwijs betreffende den staat van het onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek gedurende het dienstjaar 1895, p.23.

skuld gebuk gegaan het.

* Op verskeie dorpe was die opposisie van die Engelse, Roomse en ander privaat skole reeds so sterk dat gesubsidieerde regering= skole dikwels 'n kwynende bestaan gevoer het.

6.5.4 Geboue, meubels en toebehore

Dit was die verantwoordelikheid van die plaas= like skoolkommissies om te sorg vir 'n doeltref= fende skoollokaal, meubels en toebehore tot bevrediging van die regering.[100] Geen skool= kommissie kon op regeringsubsidie aanspraak maak, alvorens die reëlings aangaande die on= derwyser, skoolgeboue, skoolmeubels, toebehore en huishoudelike bepalinge deur die Superinten= dent goedgekeur was nie.[101] Skoolkommissies van wykskole sou op versoek 'n maandelikse toe= laag van R1,00 ontvang vir die huur van 'n skoollokaal.[102]

Die Superintendent het 'n appèl tot die skool= besture van wykskole gerig om, ten spyte van die veelvuldige probleme waarmee hulle by die plaasskole te doen gekry het, te poog om aan=

100) Wet no. 8, 1892, art. 14.

101) Ibid., art. 20.

102) Ibid., art. 9.

dag aan die volgende sake by die oprigting van skoolgeboue te skenk:

Voldoende beligting deur middel van vensters met glasruite; vensters moes oop en toe gemaak kon word; daar moes voldoende vensters aan die linkerkant van die lokaal wees sodat daar genoeg lig kon wees wanneer die leerlinge moes skryf; voorsiening moes gemaak word vir ventilasie deur middel van ventilasie-openinge in die mure; die lokaal moes groot genoeg wees om al die leer= linge te akkommodeer. Daar moes minstens „... een vierkante Engelsche el (yard) vloerop= pervlakte ..." vir elke leerling wees,[103] en die mure minstens 3,05 m hoog.[104]

Vanaf 1893 het die regering die volgende maan= delikse toelaes aan skoolkommissies van wyk= skole synde die huurgeld vir skoollokale uit= betaal:

R1,00 vir 'n lokaal geskik vir hoogstens tien kinders;

R1,50 vir 'n lokaal geskik vir hoogstens twintig kinders;

R2,00 vir 'n lokaal geskik vir hoogstens dertig kinders.

103) Schoolgids, 1892, p.9.

104) Ibid., 1898, p.69.

Die skoolgeboutjie op die plaas Buysfontein, in die Klerksdorpse distrik, wat op 1 Oktober 1898 geopen is. Die ekstra 0,31 m wat kort=gekom het om die mure se hoogte aan die aan=bevole 3,05 m vir die toekenning van regering=subsidie te laat voldoen, is duidelik sigbaar.

(BARNARD, S.S. Geskiedenis van die ontwik=keling van die onderwys van blankes in die Klerksdorpse distrik, tussen p.59 en p.60).

Voorts sou die staat 'n voorskot, onder dekking van goeie sekuriteit, tot die helfte van die bedrag wat vir die gebou nodig was teen 'n rede= like rentekoers gee.[105] Vanaf 1896 was die lenings renteloos. Die regering het selfs so ver gegaan om 8% rente aan skoolkommissies te betaal op die kapitaal wat hulle self gevind en aan 'n skoolgebou bestee het.[106] Volgens 'n besluit van die Eerste Volksraad in 1896 is die bedrag wat wykskole ontvang het vir die huur van skoollokale verdubbel. Voortaan sou dit vir skoolkommissies van plaasskole voordeliger wees om geen rentevergoeding op die kapitaal wat hulle aan geboue bestee het te eis nie, maar om aan= soek te doen om die toelaag vir die huur van skoollokale.[107]

Die regeringshulp aan die skoolkommissies van wykskole om 'n skoolgebou te bekom, het daartoe gelei dat daar gedurende die negentigerjare verskeie netjiese en doelmatige skoolgeboue op die platteland opgerig is. Die goeie skool= geboue moes uit die aard van die saak die al= gemene gehalte van die onderwys by plaasskole gunstig beïnvloed het. Op 22 Oktober 1893 is

105) Wet no. 8, 1893, art. 1.

106) Wet no. 14, 1896, art. 3.

107) Schoolgids, 1898, p.28-9.

Buiteskool op die plaas Visschershoek, in die Pretoriase distrik. (Het Algemeen Nederlandsch Verbond. De regering der Zuid-Afrikaansche Republiek en het onderwijs, foto no. 8).

Schietfonteinskool, in die Pretoriase distrik. (Het Algemene Nederlandsch Verbond. De re= gering der Zuid-Afrikaansche Republiek en het onderwijs, foto no. 9).

'n „... sterk en mooi Schoollokaal ...", 6,71 m lank en 4,27 m wyd, te Wonderfontein, in die Potchefstroomse distrik, in gebruik geneem.[108)] Ten spyte van sy armoede het die heer Van Nie=kerk in 1896 op sy plaas Elandspoort, in die Wakkerstroomse distrik, 'n netjiese skoollokaal, wat „... aanmerkelyk beter dan zyn eigen woon=huis ..." was, opgerig.[109)]

Ongelukkig was daar ook plaasmense wat nie van die vermeerderde finansiële regeringshulp ge=bruik gemaak het om beter skoollokale op te rig nie. Inspekteur J.L. Moerdijk het in 1898 be=weer dat die skoolkommissies van plaasskole oor die algemeen nie gebruik gemaak het van die re=gering se aangebode hulp in die vorm van yster en hout vir die oprigting van skoolgeboue nie.[110)]

Sommige plaasmense het summier geweier om 'n by=drae te maak vir die oprigting van skoolgeboue.[111)]

108) KOLVER, A.L. Brief aan G.A. Odé. Wonderfontein, Potchefstroomse distrik, 31.10.1893. O.D. 15/4 : 1 786.

109) STOFFBERG, T.C., Inspekteur. Brief aan Superin=tendent van Onderwys. Vryheid, 17.12.1896. O.D. 30/3.

110) Verslagen van den staat van het gesubsidieerd-en van het staats-onderwijs alsmede der het Departement van Onderwijs ressorteerende staatsinrichtingen in de Zuid-Afrikaansche Republiek over het dienstjaar 1898, p.92.

111) (?). Brief aan G.A. Odé. Rusthoek, 26.4.1893. O.D. 15/1 : 624.

A.C. Viljoen het beswaar gemaak teen die bepa= ling dat dit van arm plaasbewoners verwag was om skoolgeboue met „glasraamen" op te rig wat beter as hulle eie plaaswonings was. Die kin= ders het selde langer as ses maande aaneen die skool besoek, met die gevolg dat dit onekonomies sou wees om groot en duur skoolgeboue op te rig.[112)]

G. Teves het op 2 Mei 1892 begin skoolhou te Rensburghoop, in die Middelburgse distrik, in 'n waenhuis wat as „... zeer vochtig en ondoel= matig" beskryf is. Die skoolkamer was terself= dertyd ook die blyplek van Teves en sy gesin.[113)] Die skool te Waterval, in die Middelburgse di= strik, was in 'n tent gehuisves. In hierdie geval kon die skoolkommissie nie om skoolhuur aansoek doen nie.[114)] Op die plaas Kleinfontein, in die Vryheidse distrik, het P.G. van der Werken onderwys aan tien kinders verskaf in 'n klein, swakbeligte, platdakvertrekkie sonder ruite in die vensterrame. Hierdie eenvoudige skoolkamer=

112) VILJOEN, A.C. Brief aan N. Mansvelt. Roode= krans, 18.4.1892. O.D. 12/1 : 638.

113) TEVES, G. Brief aan G.A. Odé. Trigardsfontein, Standertonse distrik, 16.9.1892. O.D. 12/4 : 1 881.

114) WILLINGS, A.H. Brief aan G.A. Odé. Waterval, Middelburgse distrik, 29.7.1892. O.D. 12/3 : 1 450.

tjie het ook as slaapplek vir die onderwyser ge=dien.[115]

Soms het die skoolkamer as bergplek vir land=bouprodukte,[116] balke, sakke en tuie gedien.[117] Onderwyser D.J.E. Bothma het in Junie 1895 aan die Superintendent geskryf dat die skoolkamer te Welgedacht die plek was waar die plaaseienaar vleis bewerk en opgehang het. Vate met sout=vleis is onder die skooltafel geplaas „... en de reuk was alles behalve aangenaam. Ook, zak=ken met zaadhaver, meel enz. vonden een plaats in het school vertrek".[118]

Dit blyk dat plaaseienaars en skoolkommissies, behalwe in enkele verdienstelike gevalle, min aandag aan die doeltreffendheid van 'n skool=kamer geskenk het en skynbaar tevrede met enige tipe lokaal was - solank dit net 'n dak oor die

115) **Inspeksieverslag van die skool te Kleinfontein, Vryheidse distrik, 28.9.1894. O.D. 140/1 : 217-220.**

116) Inspeksieverslag van die skool te Mulderfon=tein, Rustenburgse distrik, 2.2.1897. O.D. 141/3 : O.R. 885/98.

117) Inspeksieverslag van die skool te Vlakfontein, Rustenburgse distrik, 18.11.1897, O.D. 141/3 : O.R. 901/98.

118) BOTHMA, D.J.E. Brief aan Superintendent van Onderwys. Welgedacht, via Volksrust, 7.6.1895. O.D. 23/3 : O.R. 4 228.

hoof gebied het. Vir baie skoolkommissies was die besoldiging van die onderwyser skynbaar die hoofsaak, terwyl sake soos skoolgeboue, meubels en toebehore minder aandag geniet het.

In 'n poging om te voorkom dat die leerlinge se oë en asemhaling benadeel word, en om hulle handskrif te bevorder, het N. Mansvelt in 1892 aanbeveel dat skoolkommissies moes sorg vir meubels van verskillende groottes in die skool=kamers.[119)]

Skoolkommissies van plaasskole het besondere probleme ondervind om skoolmeubels te bekom wat by die leerlinge se liggaamsgrootte gepas het. Die tipe meubels wat die Superintendent deur middel van die Schoolgids aanbeveel het, kon nie van die Onderwysdepartement bestel word nie.[120)] Reëlings is later met die Transvaalse Boekhandel getref om voldoende nuwe meubels in voorraad te hou, sodat skole die „middeleeuwse" banke met nuwe Amerikaanse dubbelbanke kon ver=vang.[121)]

119) Schoolgids, 1892, p.10.

120) DEYSEL, J.J. Brief aan J. Bergmans. Klip=plaatsdrift, 2.10.1895. O.D. 26/1 : O.R. 7 740.

121) DÖNGES, T.A. en BONSMA, K. Het lager onder=wijs onder de Z.A.R. (In V.V.O.O.Z.A. Gedenk=boek, p.72).

Vanaf 1896 kon skole meubels op 'n R-vir-R-stelsel aankoop, aangesien die regering die verantwoordelikheid aanvaar het om die helfte van die koste van goedgekeurde meubels te be= taal.[122] Meubels waarvoor die Onderwysdepar= tement na Oktober 1896 die helfte van die koste sou betaal, was skoolbanke ('n sitplek met 'n bypassende skryftafel), eenvoudige boekkaste en onderwyserstafels.[123]

Ten spyte van al die pogings van owerheidsweë om skoolbesture in staat te stel om doelmatige skoolmeubels te bekom, het die plaasmense skyn= baar veel meer aandag bestee aan die verbetering van skoolgeboue as aan die verkryging van goeie meubels. Die noodsaaklikste meubels, wat dik= wels deur die inspekteurs van onderwys tydens inspeksiebesoeke afgekeur is, is deur die plaas= mense self tuis gemaak.[124]

In baie gevalle het die skooltafel bestaan uit 'n „... lange dubbel tafel waaraan de leerlingen

122) Wet no. 14, 1896, art. 2.

123) Schoolgids, 1898, p.29.

124) Inspeksieverslag van die skool te Rietpol, Soutpansbergse distrik, 25.11.1895. O.D. 140/3 : 68-9. Vgl. ook: Inspeksieverslag van die skool te Modderfontein, Rustenburgse distrik, 10-11 April 1897. O.D. 141/3 : O.R. 6 459/97.

vis 'n vis ..." gesit het.[125] Die planke wat die blad van die skooltafels moes vorm, het ook nie altyd teenmekaar gekom nie.[126] By die skool te Buffelspoort, in die Rustenburgse dis= trik, het die drie en twintig st. 1- en drie st. 2-leerlinge in 1897 sy aan sy om die lang skooltafel gesit met hulle gesigte na mekaar. Inspekteur J.L. Moerdijk het toe aanbeveel dat die sitplekke so verander moes word dat al die leerlinge die onderwyser kon sien wanneer hy voor in die klas staan.[127] Te Biesjeslaagte, in die Bloemhofse distrik, het agt en twintig leerlinge in April 1897 in die swak beligte skoolvertrekkie met 'n lae dak om die skool= tafel gesit. Daar was nie voldoende sitplek vir al die kinders nie.[128] Die kinders het gewoonlik op stoeltjies, kissies[129] of lang planke wat op kissies of paaltjies gerus het,

125) Inspeksieverslag van die skool te Leeuwpoort, 13.9.1897. O.D. 31/2 : 3 142/97.

126) Inspeksieverslag van die skool te Vlakfontein, Rustenburgse distrik, 18.11.1897. O.D. 141/3 : O.R. 901/98.

127. Inspeksieverslag van die skool te Buffels= poort, Rustenburgse distrik, 8-9 April 1897. O.D. 141/3 : O.R. 6 457.

128) Inspeksieverslag van die skool te Biesjeslaagte, Bloemhofse distrik, 1.4.1897. O.D. 141/2 : O.R. 9 215.

129) Inspeksieverslag van die skool te Rietfontein, Lichtenburgse distrik, 10.8.1897. O.D. 141/3 : 1 305/97.

om die tafels gesit.[130)]

N. Mansvelt het die noodsaaklikheid van 'n goeie skryfbord in elke skoollokaal reeds in 1892 beklemtoon.[131)] Die skryfbord het by sommige plaasskole ontbreek, en waar dit wel voorgekom het was dit te klein,[132)] en die esels lendelam.[133)] Soms het 'n enkele smal plankie as skryfbord diens gedoen.[134)]

Benewens die ondoelmatige en lendelam meubel= stukke en die ondoelmatige skryfborde (indien dit aanwesig was) in die eenvoudige skoolkamer= tjies, het die ernstige tekort aan skoolmateri= aal dikwels die onderwyspogings van plaasskool= onderwysers bemoeilik. Waar die skoolouers self moes sorg vir die nodige penne, griffels,

130) Inspeksieverslag van die skool te Vlakfontein, Rustenburgse distrik, 18.11.1897. O.D. 141/3 : O.R. 901/98.

131) Schoolgids, 1892, p.10.

132) Inspeksieverslag van die skool te Stroomrivier, Rustenburgse distrik, 1.12.1897. O.D. 141/3 : O.R. 917/98.

133) Inspeksieverslag van die skool te Hoogen= boomen, Rustenburgse distrik, 2.12.1897. O.D. 141/3 : O.R. 919/98.

134) Inspeksieverslag van die skool te Vlakfontein, Rustenburgse distrik, 18.11.1897. O.D. 141/3 : O.R. 901/98.

leie, ink en skryfpapier,[135] het dit waarskyn=lik gebeur dat die kinders menige kere daarson=der skool toe gegaan het. Plaasskoolonderwysers moes lank wag voordat bestelde skoolmateriaal hulle bereik het. Dit het daartoe gelei „... dat men op eene buitenplaats zeer bezwaar=lijk aan alles kan voldoen ...", hoe graag hulle ook al wou.[136] In skole waar daar geen skryf=gereedskap in voorraad was nie, het die leer=linge nie skriftelike werk in die skool gedoen nie.[137]

### 6.5.5 Skoolbywoning

In 1894 was daar minstens net soveel kinders van skoolgaande ouderdom in die nabyheid van bestaande plaasskole buite die skool as daarin. Baie plaaskinders was nog geheel en al van skoolonderwys verstoke, en het as't ware „als wilden" grootgeword.[138]

135) Skoolregulasies van die skool te Rietfontein, art. 10, 19.1.1891. O.D. 118/2 : 6.

136) VAN DER WALT, A.J. Brief aan J. Bergmans. Gatsrand, Potchefstroomse distrik, 22.10.1894. O.D. 16/1 : O.R. 5 920.

137) GAARKEUKEN, S. Brief aan Departement van Onderwys. Boekenhoutpoort, Waterbergse distrik, 16.5.1896. O.D. 33/1 : O.R. 4 288/96.

138) Verslag van den Superintendent van Onderwijs, betreffende het gesubsidieerd onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek, gedurende het dienstjaar 1894, p.7.

Uit verskillende plaasskole se gegewens ten opsigte van skoolbywoning wat, in opdrag van 'n Departementele rondskrywe van 21 November 1894, aan die Onderwysdepartement verstrek moes word, blyk dit dat plaaskinders selde vir 'n lang aaneenlopende tydperk die skool besoek het. Die gegewens van die volgende twee plaas= skole dien as voorbeeld:

| Plaas | Distrik | Gemiddelde tydsduur van die leer= linge in die verskillende standerds | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | St.1 | St.2 | St.3 | St.4 |
| Boschhoek | Vryheid | 16 weke | 32 weke | 62 weke | - 139) |
| Buffel= doorns | Potchef= stroom | 12 weke | 22 weke | 19 weke | 22 weke 140) |

Tabel XV

Nadat die Mansvelt-onderwyswet in werking getree het, was daar 'n skerp daling in die leerling= tal, dog vanaf 1894 het dit weer begin styg. N. Mansvelt het gepoog om die klein en ondoel= treffende plaasskooltjies te sluit, en om 'n groter getal kinders by groter en doeltreffender skole saam te trek. In hoeverre Mansvelt daar=

139) JONKHEID, K. Brief aan J. Bergmans. Boschhoek, Vryheidse distrik, 20.12.1894. O.D. 17/2 : O.R. 7 148.

140) VAN DER WALT, A.J. Brief aan Departement van Onderwys. Buffeldoorns, Potchefstroomse distrik, sonder datum. O.D. 18/1 : O.R. 380/95.

in geslaag het om sy sentralisasiebeleid in die praktyk te laat slaag, spreek uit die volgende statistiese gegewens:

Wykskole wat gedurende die jare 1891-1898 vir 'n korter of langer tyd bestaan het en die gemiddelde leerlingtal

| Jaar | Aantal wykskole | Aantal leerlinge | |
|---|---|---|---|
| 1891 | 453 | 3 889 | 141) |
| 1892 | 422 | 5 115 | 142) |
| 1893 | 353 | 3 317 | 143) |
| 1894 | 358 | 3 851 | 144) |
| 1895 | 367 | 4 112 | 145) |
| 1896 | 330 | 4 047 | 146) |
| 1897 | 379 | 5 733 | |
| 1898 | 432 | 7 870 | 147) |

## Tabel XVI

141) Verslag van den Superintendent van Onderwijs, betreffende het gesubsidieerd onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek, gedurende het dienstjaar 1891, p.15.

142) Ibid., 1892, p.14.

143) Ibid., 1893, p.18.

144) Ibid., 1894, p.21.

145) Ibid., 1895, p.30.

146) Verslagen van den staat van het onderwijs en de onder het Departement van Onderwijs ressorteerende staatsinrichtingen in de Zuid-Afrikaansche Republiek over het dienstjaar 1896, p.6.

147) Ibid., 1898, p.14.

Die aanvanklike vermindering in die aantal skole is deur N. Mansvelt toegeskryf aan die strenger beheer oor gesubsidieerde skole deur middel van 'n beter georganiseerde inspeksiestelsel. Slegs skole wat werklik aan die wetsvereistes vol= doen het, het in aanmerking gekom vir staats= ondersteuning. Op verskeie plase moes daar met die oprigting van skole gewag word, aangesien daar nie onderwysers bekom kon word nie.[148)]

Gedurende daardie jare was skoolregisters nie altyd 'n getroue weergawe van die werklike skoolbesoek by plaasskole nie. By minstens twee inspeksiebesoeke het T.C. Stoffberg die Superintendent se aandag op onreëlmatighede in hierdie verband gevestig. By die skool te Sterkfontein, in die Krugersdorpse distrik, het die onderwyser twee leerlinge in Julie 1895 nog steeds teenwoordig gemerk, terwyl hulle alreeds op 1 Mei 1895 die betrokke skool verlaat het.[149)] Drie leerlinge se name het nog in September 1895 in die klasregister van die skool te Roodekoppen, in die Rustenburgse distrik, voorgekom, terwyl hulle 'n geruime tyd gelede reeds die skool ver=

148) Verslag van den Superintendent van Onderwijs betreffende het gesubsidieerd onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek gedurende het dienstjaar 1893, p.17.

149) STOFFBERG, T.C. Brief aan Superintendent van Onderwys. Rustenburg, 3.7.1895. O.D. 22/2 : O.R. 4 511.

laat het.[150]

Die skoolbesoek by plaasskole het gedurende die negentigerjare dié van die dorpskole oortref, vanweë die feit dat die plaasouers die waarde van onderwys begin besef het, en toe alreeds 'n lewendiger belangstelling in onderwysaangeleent= hede getoon het as die dorpsmense.[151] In 1896 was die skoolversuim by buiteskole 8% teenoor die 15% van dorpskole en 18% by die skole op die goudvelde. Dit was die eenstemmige bevinding van die skoolinspekteurs dat die „... schoolbezoek op de buitenscholen geregelder, de leerijver en de gehoorzaamheid groter, de aard van het onderwijs over't algemeen degelijker en als gevolg van dit alles ook de vruchten van het onderwijs beter ..." was as by die skole in die groter sentra.[152] Hierdie getuienis was ver= al veelseggend as dit in gedagte gehou word dat die werklike skooltydperk van die gemiddelde

150) STOFFBERG, T,C. Brief aan Superintendent van Onderwys. Rustenburg, 7.9.1895. <u>O.D. 25/1</u> : O.R. 6 719.

151) Verslag van den Superintendent van Onderwijs betreffende den staat van het onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek gedurende het dienstjaar 1895, p.8.

152) Verslagen van den staat van het onderwijs en de onder het Departement van Onderwijs res= sorteerende staatsinrichtingen in de Zuid-Afrikaansche Republiek over het dienstjaar 1896, p.15.

plaaskind kortstondig van aard was.

Dit blyk dat die tekort aan plaasarbeiders waarskynlik die belangrikste rede was waarom ouers hulle kinders uit die skool gehou het.[153)] Dit was veral gedurende die ploeg- en oestye wanneer baie ouers nie sonder hulle kinders se hulp die mas kon opkom nie.[154)] Soms moes kin= ders, waaronder ook dikwels dogters, vir weke aaneen beeste in die weiveld oppas.[155)]

### 6.5.6 Voertaal

N. Mansvelt het geweier om gehoor te gee aan die eise van die Engelsgesindes vir meer Engels in die skole, en onverbiddelik in sy onderwys= wet aan Nederlands as voertaal gehou. „Alle onderwijs moet gegeven worden in de Hollandsche taal. Alleen bij het onderwijs in vreemde talen, is het den onderwijzer geoorloofd zich van de taal te bedienen, welke hij onderwijst".[156)]

153) Verslag van den Superintendent van Onderwijs betreffende het gesubsidieerde onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek, gedurende het dienstjaar 1892, p.9.

154) GEERTSEMA, G.W. Brief aan J. Bergmans. Biesjesvlei, Lichtenburgse distrik, 14.12.1895. O.D. 27/3 : O.R. 9 705.

155) DEŸSEL, W.W. Brief aan G. van Moerkerken. Mooifontein, Bloemhofse distrik, 28.6.1895. O.D. 22/3 : O.R. 4 812.

156) Wet no. 8, 1892, art. 24.

Art. 25 van die Mansvelt-onderwyswet het voor=siening gemaak vir die onderrig van vreemde tale by laer onderwys in st. 3 vir drie uit die vyf en twintig skoolure per week.[157)]

Dit is interessant om daarop te let dat Engels nie genoem word as die tweede taal nie - dit kon desnoods enige ander taal gewees het. Vol=gens die Skoolwet moes selfs al die skoolleer=boeke, met uitsondering van dié wat by die on=derrig van 'n vreemde taal in gebruik was, in die Hollandse taal geskryf gewees het.[158)]

So beslis was Mansvelt met die toepassing van die taalklousule van Wet no. 8, 1892 dat sub=sidie aan skole wat nie aan die wetsvereistes voldoen het nie, geweier is. Toe J.K.M. te Boekhorst tydens 'n inspeksiebesoek bevind dat die onderwyseres te Nooitgedacht nie daartoe in staat was om 'n brief in Hollands te skryf nie,[159)] het die Onderwysdepartement aan die betrokke plaaseienaar berig dat sy skool nie verder deur die regering ondersteun sou word, alvorens hy 'n onderwyser wat bevoeg was om on=

157) Ibid., art. 25.

158) Ibid., art. 27.

159) TE BOEKHORST, J.K.M. Brief aan Departement van Onderwys. Drukfontein, 18.4.1896. <u>O.D. 29/1</u> : O.R. 3 391/96.

derwys deur medium van Hollands te kon gee verskaf nie.[160]

Die Superintendent het teen die gebruik om te vroeg met Engels by jong kinders te begin gewaarsku, want die verskil in uitspraak van die letters en klanke by die twee tale sou die skoolbeginners verwar en hulle skoolvordering benadeel. Die belangrikste vakke, nl. Godsdiensonderrig, Lees en Skryf van die moedertaal (Nederlands) en Rekene moes voorrang geniet.[161] Die begeerte by sommige plaasmense om hulle kinders, wat hoogstens vir twee tot drie jaar skoolonderwys ontvang het Engels te laat leer, het daartoe gelei dat hulle kinders nie altyd die volle voordeel van hulle kortstondige onderwysloopbaan gehad het nie.

Daar was selfs ouers op plase wat hulle kinders uit wykskole geneem het as protes teen die wetsbepaling dat die onderwysmedium in die gewone skoolvakke Hollands moes wees.[162] Die

160) SAUSENTHALER, A.H.H. Brief aan D.A. de Villiers. Pretoria, 10.8.1896. O.D. 29/1 : O.R. 3 205/96.

161) Verslag van den Superintendent van Onderwijs, betreffende het gesubsidieerde onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek, gedurende het dienstjaar 1891, pp.9-10.

162) DE LANGE, T.F. Brief aan Departement van Onderwys. Paardefontein, Utrechtse distrik, 12.3.1892. O.D. 11/2 : 367.

eienaar van die plaas Roodekrans, A.C. Viljoen, het op meer Engels vir sy kinders aangedring, omdat hy gemeen het dat 'n goeie kennis van Engels 'n noodsaaklikheid vir ekonomiese voor= uitgang was.[163] Gedurende daardie jare het daar „... zelfs onder de geboren Burgers der Republiek ..." 'n „Engelsch-gezindheid" ge= heers.[164] Om aan die begeerte van die ouers te voldoen, het sommige plaasskoolonderwysers meer ure skoolgehou sodat daar ekstra tyd aan die leer van Engels bestee kon word. Benewens „... de vyf by de wet bepaalde uren ..." skool= onderwys per dag het meester J.H. van Heyningen daagliks 'n uur langer skoolgehou waartydens Engels aan die kinders geleer is.[165]

Volgens inspekteur J. Nieuwenhuize was daar ook diegene wat wel Engels vir hulle kinders begeer het, dog dit moes nie ten koste van die landstaal wees nie. Daar was egter ook plaas= mense wat volkome tevrede met die onderwyswet was, omdat hulle nie die noodsaaklikheid van 'n kennis van Engels gesien het nie. Oor die

163) VILJOEN, A.C. Brief aan N. Mansvelt. Roode= krans, 18.4.1892. O.D. 12/1 : 638.

164) GENIS, J. Brief aan L.D. Borel. Valleifontein, Lichtenburgse distrik, 8.4.1891. O.D. 9/1 : 806.

165) VAN HEYNINGEN, J.H. Brief aan Superintendent van Onderwys. Onverwacht, Middelburgse distrik, 5.10.1894. O.D. 16/1 : O.R. 5 811.

algemeen was die plaasmense meer tevrede met die bepaling dat Hollands die medium van on= derrig moes wees, as die mense by die groter sentra wat Engels bo Hollands verkies het.[166)]

## 6.6 Plaasskoolonderwysers en die „nuwe" tydsom= standighede

In sy jaarverslag van 1891 het Mansvelt sy kom= mer uitgespreek oor die groot aantal onbevoeg= de onderwysers wat, vanweë die ernstige tekort aan onderwysers op plase, uit nood gebruik moes word om aan „... den zonen en dochters onzer Boeren eene voor onzen tijd vereischte opvoe= ding te geven".[167)]

Persone wat nie hulle eie naam reg kon spel nie, byvoorbeeld „C H H smeth" in plaas van C.H.H. Smith;[168)] bekende plekname nie sonder

166) Verslagen van den staat van het gesubsidieerd- en van het staats-onderwijs alsmede der het Departement van Onderwijs ressorteerende staatsinrichtingen in de Zuid-Afrikaansche Republiek over het dienstjaar 1898, p.135.

167) Verslag van den Superintendent van Onderwijs, betreffende het gesubsidieerde onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek, gedurende het dienstjaar 1891, p.8-9.

168) SMITH, C.H.H. Brief aan Superintendent van Onderwys. Mooiplaas, Pretoriase distrik, 2.2.1891. O.D. 8/3 : 276.

twee of meer spelfoute kon skryf nie, byvoorbeeld „mooi re viersoogs" (Oog van Mooirivier),[169) „Wit Vontien" (Witfontein) en „Potchref stroom" (Potchefstroom),[170) en selfs die name van die maande van die jaar verkeerd geskryf het, byvoorbeeld „febre.a.rij" (Februarie)[171) het as plaasskoolonderwysers diens gedoen. Sommige onderwysers kon die eenvoudigste rekenkundige bewerkings nie doen nie, en het getalle soos vyftienduisend en dertien en eenhonderd en vyfduisend tweehonderd en drie as „51013" en „100523" respektiewelik in syfers geskryf.[172)

In 1892 is daar vir die eerste keer in die Transvaalse onderwysgeskiedenis deur wetgewing vereis dat onderwysers in besit moes wees van 'n onderwysersertifikaat.[173) Wykskool= onderwysers moes hulle sertifikate van bevoegdheid om onderwys te verskaf aan die Superinten=

169 COETZEE, A. Brief aan H. Stiemens. Oog van Mooirivier, sonder datum. O.D. 8/3 : 306.

170) BONTHUYS, P.C. Brief aan Superintendent van Onderwys. Witfontein, Potchefstroomse distrik. L.A. 694 : 291-2.

171) COETZEE, A. Brief aan H. Stiemens. Oog van Mooirivier. O.D. 8/3 : 306.

172) NIEUWENHUIZE, J., Inspekteur. Brief aan Superintendent van Onderwys. Roodewal, Lydenburgse distrik, 1.8.1892. O.D. 14/1 : onderwyserstoets no. 1 898.

173) Wet no. 8, 1892, art. 29.

dent van Onderwys voorlê.[174]

Gevalle het voorgekom waar onopgeleide en on=bekwame onderwysers om persoonlike redes by plaasskole in diens geneem is. Toe daar aan die onbevoegde onderwyser te Leeuwpan kennis gegee is dat hy net tydelik as onderwyser kon aanbly totdat 'n bevoegde onderwyser gevind kon word,[175] het oud-ouderling en voorsitter van die skoolkommissie, H.J.P. Malan, aan die Superintendent geskryf: „De heer Wolhuter is onder ons gehuwd, en is aan ons verbonden in verwantschap en is als het ware één van ons, en wij kunnen het toch nooit gedogen dat zoo 'n onbillijkheid hem zal aangedoen worden".[176] N. Mansvelt was egter vasberade om van die on=bevoegde onderwysers by gesubsidieerde wykskole ontslae te raak, want A.H.H. Sausenthaler het in opdrag van die Superintendent aan H.J.P. Malan berig dat subsidie aan sy skool geweier sou word, totdat 'n bekwame onderwyser Wolhuter vervang het.[177]

174) Ibid., art. 31.

175) SAUSENTHALER, A.H.H. Brief aan [illegible].A. Wolhuter. Pretoria, 18.3.1897. <u>O.D. 31/2</u> : 2 203/97.

176) MALAN, H.J.P. Brief aan Superintendent van Onderwys. Leeuwpan, 16.7.1897. <u>O.D. 31/2</u> : 9 307/97.

177) SAUSENTHALER, A.H.H. Brief aan H.J.P. Botha. Pretoria, 2.8.1897. <u>O.D. 31/2</u> : O.R. 9 381/97.

Vanweë die feit dat onopgeleide onderwysers nie in staat was om die nuwe onderwysmetodes wat deur Mansvelt aanbeveel is in die praktyk toe te pas nie, het inspekteurs dit afgekeur dat onbevoegde onderwysers in diens gehou word ten koste van die beter opgeleide Hollander-onderwysers. Nes baie van sy kollegas het die onderwyser te Leeuwpanskool geen begrip van die aanbevole onderwysmetodiek gehad nie.[178] Onderwyser J.W. Zernik te Vlakfontein wou by die Sekretaris van Onderwys weet hoe die nuwe „klankmethode" by leesonderrig aangewend word.[179]

In opdrag van diensbrief B/B 40/1, gedateer 23.10.1891, moes alle onderwysers van gesubsidieerde skole voor 1 Januarie 1892 hulle sertifikate van bevoegdheid aan die Onderwysdepartement stuur. 'n Groot aantal briewe van plaasskoolonderwysers wat teen genoemde reëling beswaar gemaak het, het by die Departement van Onderwys ingestroom. D.D. Ruthven kon byvoorbeeld geen bewys van bevoegdheid indien nie, omdat hy in 1849 toe hy as onderwyser begin het, nie geweet het dat daar in 1891 sulle vereistes

178) TE BOEKHORST, J.K.M., Inspekteur. Brief aan Superintendent van Onderwys. Middelburg, 25.2.1897. O.D. 31/2 : O.R. 2 203/97.

179) ZERNIK, J.W. Brief aan Sekretaris van Onderwys. Vlakfontein, 8.6.1892. O.D. 12/2 : 1 079.

aan onderwysers gestel sou word nie.[180] Mees=ter J. van Dinter, wat sedert 1887 ononderbroke onderwyser op verskillende plase was, wou weet of dit werklik nodig was om hom „... verder moeijelijkheden aan te doen".[181]

Dit het moeilik gegaan om wykskoolonderwysers so ver te kry om eksamen af te lê, en dié wat wel probeer het was selde suksesvol. Toe daar van P.C.D. Bonthuys verneem is wanneer hy van voorneme was om eksamen te skryf, het hy baie beslis geantwoord dat hy „... geene Exame ..." sou skryf nie. Hy het hom wel bereid verklaar dat die inspekteur hom tydens 'n inspeksiebe=soek „... zelve zal onder zoeken ...".[182] Die onderwyser te Otto's Hoop, Hans Heese, het gedurende die tydperk Oktober 1895 tot Maart 1896 tevergeefs „geworstel" om te slaag.[183] Onderwyser K.C.H. Meyer te Bergen, in die Piet Retiefse distrik, het reeds twee keer vante=

180) RUTHVEN, D.D. Brief aan N. Mansvelt. Riet=fontein, Rustenburgse distrik, 12.12.1891. O.D. 11/1 : 2 672.

181) VAN DINTER, J. Brief aan Superintendent van Onderwys. Herbsfontein, Heidelbergse distrik, 27.1.1896. O.D. 28/2 : O.R. 670/96.

182) BONTHUYS, P.C.D. Brief aan J. Bergmans. Koesterfontein, 10.7.1894. O.D. 28/2 : 3 711.

183) HEESE, H. Brief aan N. Mansvelt. Otto's Hoop, 2.5.1896. O.D. 31/2 : 3 063/96.

vore gedruip en het by die Superintendent uit=
stel gevra tot September 1898 sodat hy hom deeglik kon voorberei vir die derde probeerslag om te slaag.[184)]

Die onvermoë van sommige plaasskoolonderwysers om eenvoudige stukkies foutloos te skryf, blyk uit die toetse wat hulle in opdrag van die in=
spekteurs moes skryf. Op versoek van inspekteur J. Nieuwenhuize het die onderwyser te Roodewal, in die Lydenburgse distrik, soos volg oor die Doortocht deur de Jordaan in Augustus 1892 ge=
skryf: „Na den dood van Mozes de Knecht des Heeren vas Jozua den op volg en van Mozes en Mozes gaf bevel Aan Jozua de volk te Lyden Naar het beloofde Land Cana god gal bevel Aan Jozua Zyne geboden te bekwamen en mannelyk te gedragen Jozua trok over met der ark des Heren met veer=
tig duizend toe gerusten mannen voor het Ark en Legerde het Eerste Nach te gelgal in het naby=
heid van Jeriecho en maakte een gedenkt teken van twaalf stenen die hy uit het medden der Jordaan laat op nemen hep door twaalf mannen zyn uit het geslag van israel".[185)]

184) MEYER, K.C.H. Brief aan Superintendent van Onderwys. Bergen, Piet Retief, 1.5.1897. O.D. 32/3 : O.R. 5 743/97.

185) Opstel van onderwyser R.G.P. Naude. Roodewal, Lydenburgse distrik, 1.8.1892. O.D. 14/1 : 2 898.

'n Gedeelte van die „Dictaat" wat 'n onderwyser, wat van voorneme was om met 'n skool in wyk 4, in die Vryheidse distrik, te begin, in opdrag van inspekteur T.C. Stoffberg moes skryf, het soos volg gelees: „Onze Hond en Cat leven zamen vreedzaam. Het valt u ongetwyfelt noch moeilyk zonder vry groeve vouten te schryven: Door oefening verkrijgt men de Kunst Het ware te wenschen dat musschen niet zoo veel van kersen hielden ...".[186)]

In sy jaarverslag van 1893 kon Mansvelt alreeds daarop aanspraak maak dat die name van 'n aantal onbekwame onderwysers van die lys verdwyn het as gevolg van die feit dat staatsubsidie van hulle weerhou is. Die onbevoegde onderwysers wat daar nog by wykskole was, moes vanweë die tekort aan opgeleide onderwysers vir 'n onbe= paalde tyd geduld word.[187)]

Dit was veral by die afgeleë gemeenskappe waar onderwysers moeilik gevind kon word. Inspekteur F.P. Crots het in 1892 aanbeveel dat die onbekwa= me onderwyser te Rooigrondskool, in die Lich=

186) Diktee geskryf deur onderwyser D.P. Naude. O.D. 34/3 : O.R. 3 495/96.

187) Verslag van den Superintendent van Onderwijs betreffende het gesubsidieerd onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek gedurende het dienstjaar 1893, p.4.

tenburgse distrik, wat eintlik „... apotheker (chemist & druggist) van beroep ..." was, aan= bly tot iemand anders gevind kon word.[188)] Teenstrydig met die aanbeveling van inspekteur J. Nieuwenhuize dat A.J. Williams te jonk en onbekwaam was om as onderwyser diens te doen, het N. Mansvelt hom tog, op grond van art. 30 van Wet no. 8, 1892,[189)] toegelaat om met sy onderwyswerk voort te gaan, aangesien daar nie bevoegde onderwysers in die betrokke streek (Mapoch se gronde) gevind kon word nie.[190)] Ten spyte van die feit dat J.E.M. Parker te Palmietfontein, in die Bloemhofse distrik, volgens inspekteur H. Moora in „... de 25 eerste jaren niet in staat sal zijn het eenvoudigste examen te doen ...", het hy tog aanbeveel dat hy met sy onderwyspogings voortgaan, omdat daar niemand anders beskikbaar was om onderwys te verskaf nie.[191)]

188) CROTS, F.P. Brief aan J. Celliers. Potchef= stroom, 28.11.1892. O.D. 13/2 : 2 614.

189) Waar dit nodig was kon die Superintendent t.o.v. wykskole uitsonderings maak deur jong en onbevoegde mense toe te laat om onderwys te verskaf.

190) DEPARTEMENT VAN ONDERWYS. Brief aan J. Nieuwenhuize. Pretoria, 18.10.1895. O.D. 26/1 : 7 596.

191) MOORA, H. Brief aan Superintendent van On= derwys. Potchefstroom, 17.6.1896. O.D. 33/3 : 5 263/96.

Die skaarste aan bekwame onderwysers op die platteland het gedurende die superintendentskap van Mansvelt bly voortbestaan. Omdat daar geen geskikte plaasvervangers was nie, kon al die onbekwame en swak onderwysers nie uitgeskuif word nie. Baie onbevoegde onderwysers het weer in hulle poste aangebly as gevolg van die heftige teenstand van die plaasmense teen hulle af= setting. Later aan het baie plaasmense egter die waarde van 'n bekwame onderwyser begin waardeer.[192)]

Behalwe die onderwysersertifikaat moes onder= wysers van staatsondersteunde skole bewys lewer van hulle lidmaatskap van 'n Protestants-Christelike kerk, asook van hulle goeie sede= like gedrag.[193)] Daar was selfs skoolkommis= sies wat in hulle huishoudelike reglemente be= paal het dat onderwysers wat hulle aan „... buitensporigheid of wangedrag ..." sou skuldig maak, se dienste beëindig kon word.[194)]

192) Verslagen van den staat van het onderwijs en de onder het Departement van Onderwijs ressor= teerende staatsinrichtingen in de Zuid-Afri= kaansche Republiek over het dienstjaar 1896, p.17.

193) Wet no. 8, 1892, art. 33.

194) Huishoudelike bepalinge van die skool te Waaikraal, Lydenburgse distrik, sonder datum. O.D. 9/1 : 1 051.

Drankmisbruik was nog steeds een van die ern=stigste misdrywe waaraan plaasskoolonderwysers hulle skuldig gemaak het. Nadat die skoolkomi=tee te Grootfontein, in die Potchefstroomse distrik, hulle onderwyser, A.N. Groenenstein, by die Superintendent aangekla het vanweë sy ernstige drankmisbruik, was sy verweer dat hy wel gedurende naweke saam met sy vriende drank gebruik, maar „... als het Maandagmorgen 8 uur is sta ik op mijn post tot en met Vrydag, zonder sterken drank". Groenenstein se betoog was dat onderwysers op plase min afleiding gehad het. Om hierdie rede het hy dan Saterdae dorp toe gegaan om hom „... op te vroolijken tusschen meer beschaafde lui".[195)] Die onderwyser van die Kromrivierskool, in die Rustenburgse distrik, het hom eweneens „... op grove wyze ... schuldig gemaak aan misbruik van sterken drank".[196)]

Gelukkig was daar gedurende daardie jare ook diegene wat verdienstelike werk by plaasskole gelewer het. Aan hierdie bekwame skoolmeesters is daar dan ook 'n honorarium toegeken vir hulle getroue dienste.[197)] Vir Eduard Bosman te Taai=

195) GROENENSTEIN, A.N. Brief aan J. Bergmans. Grootfontein, Potchefstroomse distrik, 4.12.1895. O.D. 27/1 : O.R. 9 382.

196) STOFFBERG, T.C., Inspekteur. Brief aan Sekre=taris, Departement van Onderwys. Vryheid, 4.3.1896. O.D. 24/2 : O.R. 1 896.

197) Wet no. 8, 1892, art. 39.

boschbult, in die Potchefstroomse distrik, was die honorarium van R20,00 wat hy ontvang het „... zoo aangenaam, vereerend en bemoedigend".[198) ] In 1896 het S. Boersma van die Buffelshoekskool, in die Potchefstroomse distrik, die welkome bedrag van R50,00 ontvang as honorarium.[199)]

Plaasskoolonderwysers, wat gedurende die jare van die Z.A.R. 'n sukkelbestaan gevoer het, het in 1891 die hoop gekoester dat die nuwe Superintendent van Onderwys veel sou doen om hulle posisie te verbeter. In sy verwelkomingsbrief aan N. Mansvelt het I.D. Bosman, onderwyser te Doornkop, Krugersdorp, die hoop uitgespreek dat die nuwe Superintendent „... in alle opzichten meer succes zult hebben en meer zult kunnen doen voor de hardwerkende en slecht beloonde onderwyzers ...".[200)]

Plaaslike skoolkommissies het oor die reg beskik om self die salaris van hulle onderwysers

198) BOSMAN, EDUARD. Brief aan Superintendent van Onderwys. Taaiboschbult, Potchefstroomse distrik, sonder datum. O.D. 15/4 : 2 093.

199) BOERSMA, S. Brief aan N. Mansvelt. Buffelshoek, Potchefstroomse distrik, 24.7.1896. O.D. 35/2 : O.R. 6 641/96.

200) BOSMAN, I.D. Brief aan Superintendent van Onderwys. Doornkop, Krugersdorp, 9.11.1891. O.D. 10/2 : 2 387.

te bepaal,[201] en te betaal uit fondse wat die ouers moes bydra as skoolgeld, vrywillige by= draes en die regeringsubsidie.[202] Die sala= risse van plaasskoolonderwysers het derhalwe van plaas tot plaas verskil. Benewens die regeringsubsidie het die onderwyser te „Wild Rand", in die Piet Retiefse distrik, 'n vaste salaris van R10,00 per maand ontvang.[203] Meester W.A. Smit te Platberg, Wakkerstroom, moes sy gesin versorg met 'n skamele vaste in= komste van R5,00 per maand.[204] Gevalle het ook voorgekom waar geen vaste salaris aan on= derwysers gewaarborg kon word nie, en dat die onderwyser se persoonlike inkomste afgehang het van die aantal kinders in die skool. Die onder= wyser te Klipplaatsdriftskool, in die Potchef= stroomse distrik, se inkomste was slegs die skoolgeld wat die ouers moes betaal, bereken teen R0,25 per leerling per maand, nadat die skoolhuur afgetrek is.[205]

201) Wet no. 8, 1892, art. 15.

202) Ibid., art. 21.

203) Huishoudelike bepalinge van die skool te „Wild Rand", Piet Retiefse distrik, 1.2.1891. O.D. 118/2 : 27.

204) SMIT, W.A. Brief aan N. Mansvelt. Platberg, Wakkerstroom, 11.5.1895. O.D. 21/1 : O.R. 3 600/95.

205) VENTER, W.A. Brief aan Sekretaris van Onder= wys. Klipplaatsdrift, Potchefstroomse distrik, 12.4.1892. O.D. 12/1 : 581.

Behalwe die swak besoldiging het die werksom=standighede van plaasskoolonderwysers ook dik=wels veel te wense oorgelaat. Die voortdurende verwisseling van skool deur plaasskoolonderwysers was „eene schadelijke en onpleizierige affaire".[206] Toe die gryse skoolmeester A.S.R. Maartens in Maart 1891 weer by sy skool aangekom het, nadat hy te Magaliesberg sout gaan verhandel het vir meel en tabak, het hy gevind dat hy intussen af=gedank is. Dit het hom sonder enige verdienste gelaat om vir sy vrou en agt kinders te sorg. Hy het sy nood onder andere soos volg by die Superintendent bekla: „... ik ben getrouw met vlyt in des heere dienst in den lager onderwys wort vele jongelinge lidmaat waarom zal ik moet dan sleg behandelt wort van H.J. vanniekerk en D. Rabe. Daar kunne niets beteken door hulle leugens en bedrog myn beloning te onttrek daar ik van geen ouder en pennekrygt voor en kind ...".[207)]

206) STEENKAMP, J.H., Voorsitter van Skoolkomitee. Brief aan Departement van Onderwys. Rietfon=tein, Pretoriase distrik, 7.10.1895. O.D. 26/1 : 7 620.

207) MAARTENS, A.S.R. Brief aan Superintendent van Onderwys. Wyk Hartsrivier, Schweizer Reneke - Bloemhofse distrik, 24.3.1891. O.D. 8/4 : 657.